# Inleiding tot Magani,
## die taal van Kalimbula en Jungu Josh

Magani is die hooftaal van Kalimbula, die geheime vallei in Oos-Afrika waar die Jungu Josh-boeke afspeel. Dit word deur die Magani-stam gepraat (wat ook die grootste stam in Kalimbula is), maar is ook die alledaagse spreektaal van die ander stamme in Kalimbula, soos die Uchubi's en die Sjoengo's.

Met die ontwikkeling van die taal vir die boekreeks het Constant van Graan gaan kers opsteek by Swahili oor die hantering van grammatika en dit deurgaans as riglyn gebruik. Wat die woordeskat en fonetiek van Magani betref, het Kinyarwanda (wat in Rwanda gepraat word) 'n belangrike rol gespeel, veral met die ontwikkeling van selfstandige naamwoorde terwyl Zoeloe en Suid-Sotho die lidwoorde, byvoeglike naamwoorde en alledaagse werkwoorde beïnvloed het. Die Uchubi-gedeeltes wat in die boeke voorkom, is weer geskoei op die Namibiese tale Otjiherero (Herero) en Oshiwambo (Owambo). Hierdie tale herinner Constant aan sy geboorteland en het 'n ryk geskiedenis – daarom dat Uchubi veral 'n antieke gevoel het.

### *Voorbeelde van alledaagse Magani-frases:*

**Afrikaans**
Dagsê! Welkom.

**Magani**
Seku Ngwenyo! Waijona.

**Afrikaans**
Dankie.

**Magani**
Abende.

**Afrikaans**
Hoe gaan dit?

**Magani**
Ke yubo ye tembe?

**Afrikaans**
Dit gaan voor die wind! (Dit gaan goed!)

**Magani**
Ke incha yaye wanje!

**Afrikaans**
Hoekom is jy laat?

**Magani**
Kunu were e nyake?

**Afrikaans**
Ek het duki[1] gespeel.

**Magani**
Ineze nagugenje duki.

**Afrikaans**
Wat is jou totem-dier?

**Magani**
Newa were Nyam-ba wa Rombo?

**Afrikaans**
Die Sebra

**Magani**
eMbedza

**Afrikaans**

Dis interessant! Myne is die Kameelperd.

**Magani**

He kuburima! I eNyansa.

**Afrikaans**

Ek is honger. Wil jy iets eet?

**Magani**

I njonye. Were nejiza ketu benjwa.

**Afrikaans**

O, ja, asseblief!

**Magani**

O yeko muneka!

**Afrikaans**

Ek maak vir ons Mabandiboontjie-bredie[2].

**Magani**

I faje ka tuya Mabandibizemboro.

**Afrikaans**

O, lekker!

**Magani**

O bweja!

**Afrikaans**

Ek groet jou tot volgende keer.

**Magani**

Neku ngwenyana kuje.

**Afrikaans**

Mooi bly!

**Magani**

Komeje neya!

*[1]Duki is die tradisionele sport van die stamme van Kalimbula, en is veral gewild onder die Magani-stam. Dit is amper soos hokkie, gemeng met naelloop en 'n bietjie veerpyltjies ook, maar daar is geen doele nie. Die kinders is die teikens en die pyltjies is holupi-sade – swart pitjies met pennetjies. Hulle speel dit in 'n ovaalvormige oopte. Jy moet jou eie sade in die bos pluk, en 'n riet en 'n stok kry wat jy gebruik om die bal te slaan. Die bal word van boombas gemaak en is omtrent so groot soos twee vuiste. Daar is nie reëls oor hoeveel mense mag speel nie, maar gewoonlik is dit omtrent 'n dosyn. Die hoofdoel is om die bal deur iemand se bene te slaan. Wanneer dit gebeur, word die persoon 'n teiken en moet so vinnig moontlik wegskarrel. Wanneer een van die ander spelers die bal bereik, skreeu hulle "kucha!" wat "stop" beteken. Die teiken moet dan vries, en die aanvaller kan hom uit die speletjie skop deur 'n riet te neem, 'n saad daarin te sit en dit deur die riet na die teiken te blaas, gewoonlik op 'n lang afstand. Wanneer die saad die vel tref, dring dit deur en veroorsaak 'n branderige gevoel wat omtrent vyf minute aanhou. Die teiken word net toegelaat om sy gesig en nek toe te maak. As die aanvaller mis, begin die speletjie van voor af, maar as hy die teiken tref, verloor daardie persoon en moet hy die spel verlaat. As die persoon hoër as die bors getref word, word die aanvaller gediskwalifiseer. Die wenner van elke stadium het die voordeel dat hulle immuun is daarna, tot in die finale rondte. Dit gaan so aan tot daar net een speler oor is, wat dan tot kampioen verklaar word en verskoon word van die dag se take.*

*[2]Mabandiboontjies is 'n gewilde dis onder die Magani-stam. Die boontjies kom slegs voor op die gevreesde Mabandiberge in die noordweste van die vallei, en dit verg moeite om dit in die hande te kry. Slegs 'n handjievol van hierdie wildeboontjies is genoeg om 'n persoon baie energie te gee en vir die hele dag versadig te hou!*

## Kontak ons

**Henk Viljoen:** Streeksverkoopbestuurder: (Gauteng, Mpumalana, Noordwes, Oos-Kaap en Limpopo)
**E-pos:** henk.viljoen@nb.co.za | **Tel:** +27 12 431 7460 | **Faks:** 086 660 8135 | **Sel:** 082 5655 145

**Elana Bredell:** Streeksverkoopsbestuurder: (Kusstreke, Vrystaat, Noord-Kaap)
**E-pos:** elana.bredell@nb.co.za | **Tel:** +27 21 406 4234 | **Faks:** 021 406 4956 | **Sel:** 0741719490

@NBSkoleSchools | @Storierak | @NBPublishers @nbpublishers | www.nb.co.za

Tafelberg